



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 6

11 Februarie 2024

Wees Stil En Weet...

Wanneer jy oor jou lewe terugkyk, sal jy onmiskenbaar weet: Jou pad het nie altyd geloop soos jy beplan of verwag het nie.

Daar was dalk kere toe jy oor iets gedroom het en dit in 'n nagmerrie ontaard het. Ander tye sal jy weer onthou hoe jy kronkelpaaie geloop het voordat jy die eindbestemming kon bereik. En dan was daar die tye toe jy op die ompad van die lewe hopeloos verdwaal gevoel het en gewonder het of God se plan vir jou regtig nog sin maak.

Die waarheid is: God wéét – ongeag ons drome en doelwitte – waar ons eindbestemming behoort te wees. Hy wéét – ondanks ons mensgemaakte gebede – wat die heel beste vir ons lewensreis is. Ja, Hy wéét – ten spyte van ons ongeduld – wanneer dit die régte tyd vir die régte dinge is.

God ken elke detail van jou lewe, jou verwagtinge en jou denke. Hy verstaan jou soms-se-teleurstellings, jou sonder-antwoord-vrae en het deernis met jou “Hoe-nou-Here?”-onbegrip. Maar Hy weet ook wanneer dit ompad-tyd in jou lewe moet wees, wanneer Hy jou in 'n ander rigting wil stuur of wanneer Hy jou eers...net so 'n wyle moet laat wag.

Wees daarom onder alle omstandighede sensitief vir die Vader se stem, bereid om Hom te vertrou en gewillig om te volg waar Hy lei. Hy't die heel beste vir jou in gedagte. Raak vandag stil wanneer jy hoor hoe Hy vir jou sê:

“Wees stil en weet Ek is God. Ek regeer oor nasies, oor die hele aarde... Die Here vir wie niks onmoontlik is nie, is by ons...” Ps 46:11,12

Daar's rigting in jou reis

Die Josef-geskiedenis is 'n tipiese ompad-verhaal. Toe hy hoop om as witbroodjie-kind spesiale behandeling te kry, word hy as slaaf Egipte toe geneem.

Toe hy kliphard probeer om die regte dinge te doen, word hy onregverdig van owerspel aangekla en in die tronk gegooi. Daar lê hy die bakker en skinker se drome uit en hoop vir nog twee jaar vergeefs om uit die tronk bevry te word.

Hoe skeef en onverklaarbaar lyk dinge in daardie stadium nie... totdat God se volmaakte plan duidelik word. Josef word onderkoning en kan met die wysheid-van-tyd 'n briljante strategie uitwerk wat duisende mense van hongersnood red (Gen 37-41).

God se ompad-verhale het dikwels verrassende eindes.

Vertrou Hom maar met joune.

Dankie!

Vir God se oneindige Groot Genade deur Sy liefde in en deur Sy Seun, Jesus Christus!

Kom ons leef in Dankbaarheid vir wie God is!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.

Gebedsversoeke

- | | |
|-----------------------------|-----------------------|
| • Lottie Conradie | Ockie Fourie |
| • Maria Steyn | Ria Putter |
| • Oom Sampie Swart | Annie Brink |
| • Jaco Steenkamp | Karl Olsen |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Amoré Alberts |
| • Annika Killian | Sumari Pretorius |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Albert Glockzin | Annatjie Pienaar |
| • Jillian Jansen | Rudi Kruger |
| • Willie Britz | Jaap Naude |
| • Tilly van Huysen | Flippie Roslee |
| • Jurie Matthee | Tannie Poppie Reyneke |
| • Tannie Rina van der Vyver | |

Gedagte vir die week

**God se padkaart vir ons lewe is soms onverstaanbaar,
maar altyd, altyd betroubaar.**

Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org